

27 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 15:8-10

Onrustig soekend na bekering

Daar is deesdae baie onrustigheid in menseharte, maar die meeste van hierdie onrustigheid is oor aardse dinge soos die politiek, die toekoms, of finansies. Daarom die vraag: Is ons nog onrustig oor die kerk en die evangelie, oor sending en evangelisasie, asook oor die krag en invloed van die kerk in die wêreld? In die tweede van die drie bekende gelykenisse van Lukas 15 is 'n vrou onrustig oor haar silwermuntstuk wat verlore is. En die ergste is – daar lê die klem in die oorspronklike taal – dat hierdie vrou sêlf die oorsaak is dat haar geldstuk weg is. Sy was agterlosig. Dan keer sy haar huis om op soek daarna. As sy dit gekry het, roep sy al haar vriendinne saam om fees te vier. Só het jy en ek ook iets verloor. Dit kan liefde wees, of geloof, of die vrede van Christus, of vreugde, of geduld. Ook ons gaan baie keer onnadenkend met God se gawes om. Ons lewe is nie altyd vol geloofsblydschap nie. Hierdie gelykenis roep ons elkeen op tot bekering. Ja, meer nog ... ons moet ook onrustig deur gebed en smeking op soek wees na God se genade. Ons moet vandag onrustig soekend wees na geleenthede om die evangelie te verkondig, want daar is blydschap onder die engele oor een sondaar wat hom bekeer (vers 10). Paulus sê in 2 Korintiërs 5 dat ons “medewerkers” van God is. Dit is óns wat die bekering moet verkondig. Ons kan dus meewerk aan hemelse blydschap.

Sing: Skrifberyming 19:1,6,7

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)